HULPJOERNALE EN OORBOEKING

Vraag 1 (Boekstawing van transaksies; 220 punte, 110 minute)

Jy word voorsien van transaksies wat betrekking het op Brooks Winkels vir Mei 2018.

GEVRA:

1.1 Open die rekeninge in die Algemene Grootboek asook in die Debiteure- en Krediteuregrootboek met die gegewe saldo's en totale op 1 Mei 2018. (13)

1.2 Toon die inskrywings vir die gegewe transaksies vir Mei 2018 in die korrekte hulpjoernale van Brooks Winkels en boek daagliks oor na die Hulpgrootboeke. (120)

1.3 Sluit die joernale behoorlik af op 31 Mei 2018 en boek oor na die geopende rekeninge op die antwoordblad. (68)

1.4 Saldeer die rekeninge in die Algemene grootboek op die korrekte wyse op 31 Mei 2018. (18)

1.5 Stel 'n Debiteure- en Krediteurelys op 31 Mei 2018 op. (6)

INLIGTING:

1. Op 1 Mei 2018 verskyn die volgende saldo's en totale onder andere in die Algemene grootboek:

Toerusting	54 000
Handelsvoorraad	68 000
Debiteurekontrole	?
Bank	6 500
Kleinkas	2 500
Krediteurekontrole	53 000
Verkope	690 000
Koste van verkope	420 000
Debiteure-afslag	18 000

2. Die volgende saldo's verskyn in die Debiteurgrootboek op 1 Mei 2018:

U. Bolt	18 100
J. Gatlin	14 300
Totaal	32 400

3. Die volgende saldo's verskyn in die Krediteuregrootboek op 1 Mei 2018:

Bubba Handelaars	41 200
Rory Winkels	?

4. Die volgende transaksies het gedurende Mei 2018 voorgekom:

2018

Mei 1. Reik kwitansienr. 154 uit aan die eienaar, R. Makkink vir R200 000 vir die verhoging van sy kapitaalbydrae.
Reik tjeknr. 213 uit aan AD Meubels vir die aankoop van 'n nuwe kasregister, R3 100.
Ontvang R36 000 vir kontantverkope volgens die kasregisterrol. Bereken self die kosprys.
Ontvang 'n tjek van 'n debiteur, U. Bolt, om die helfte van sy rekening te vereffen.
Kredietverkope van handelsware aan J. Gatlin, R38 400 per kredietverkoopfaktuur nr. 412.
Reik 'n tjek uit aan Rory Winkels vir R2 800 ter gedeeltelike betaling van ons skuld.
Koop die volgende op skuld by Bubba Handelaars per kredietaankoopfaktuur nr. 222:
- Voorraad, R12 800; Skryfbehoeftes, R1 200 en Verpakkingsmateriaal, R3 000.

Betaal vir skryfbehoeftes uit die Kleinkas, R250 en voltooi Kleinkasbewys 23.

4. Ontvang ‘n bedrag van R12 500 van die huurder, G. Jones.
Koop goedere per tjek by Makro, R12 000 onderhewig aan 5% handelskorting.
Koop skryfbehoeftes by PNA, R280 en betaal die bedrag uit die kleinkas.
Kontantverkope volgens die kasregisterrol, R23 200.
Kredietverkope van handelsware aan U. Bolt, R10 080 en aan J. Gatlin, R11 840.
Kredietaankope van handelsvoorraad van Rory Winkels vir R23 000.
Stuur die volgende terug aan Bubba Handelaars tesame met debietnota nr. 18:
   · Voorraad, R1 300; Skryfbehoeftes, R110 en Verpakkingsmateriaal, R490.

9. Reik ‘n tjek uit om skryfbehoeftes aan te koop by Clicks, R3 800.
Koop handelsware per tjek by Game, R31 000 en ontvang 12% handelskorting.
Ontvang ‘n bedrag van R4 600 van J. Gatlin ter gedeeltelike betaling van sy skuld.
Kontanverkope volgens die kasregisterrol, R26 400.
Kredietverkope van handelsvoorraad aan U. Bolt, R8 800.
Betaal R250 uit die kleinkas om goedere namens U. Bolt by hom te laat aflewer. Die bedrag moet by sy rekening gevoeg word.
Koop ‘n kantoorstoel op ‘n veiling, R130 en betaal die bedrag uit die kleinkas.
Stuur voorraad waarmee ons nie tevrede is nie terug aan Rory Winkels, R2 600.

18. Ontvang ‘n verdere R25 000 van die eienaar om sy kapitaal te verhoog.
Reik ‘n tjek uit vir die aankoop van addisionele toerusting by RT Uitrusters, R18 000.
Ontvang R14 600 as huurinkomste van R. Thomas.
Goedere met ‘n kosprys van R12 400 is volgens die kasregisterrol vir kontant verkoop.
Koop skryfbehoeftes, R3 700 en voorraad, R18 000 op krediet by Rory Winkels asook toerusting, R27 000 en skryfbehoeftes, R3 900 by Bubba Handelaars.
Ontvang goedere met ‘n kosprys van R1 400 terug van U. Bolt en reik kredietnota nr. 32 aan hom uit.

30. Die eienaar het sy kapitaal met ‘n verdere R20 000 verhoog deur die bedrag direk in die onderneming se lopende bankrekening te deponeer.
Stuur toerusting, R1 900 en skryfbehoeftes, R1 100 terug aan Bubba Handelaars.
Reik een tjek uit aan Makro vir skryfbehoeftes, R2 400; handelsware, R14 600 en verpakkingsmateriaal, R8 000.
Kontantverkope volgens die kasregisterrol, R41 600.
Betaal ‘n bedrag van R400 uit die kleinkas op rekening aan Rory Winkels.
Reik ‘n tjek uit aan Vodacom, R2 100 vir die eienaar se persoonlike selfoonrekening.
J. Gatlin het goedere wat aan hom verkoop is vir R4 960 aan ons teruggestuur.
Reik ‘n tjek uit om die kleinkasvoorskot te herstel.

Berekeninge:	

Algemene Grootboek van Brooks Winkels

Balansstaatrekeninge-afdeling

Toerusting B5

Handelsvoorraad B8

Debiteurekontrole B9

Bank B10

Kleinkas									B11

Krediteurekontrole									B15

Nominale rekeninge - afdeling									
Verkope									N1

Koste van verkope									N2

Debiteure-afslag									N3

Kontantontvangstejoernaal van Brooks Winkels vir Mei 2018									KOJ		
Dok. Nr.	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding van ontvangste	Bank	Debiteure-kontrole	Verkope	Koste van verkope	Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol	Besonderhede

Kontantbetalingsjoernaal van Brooks Winkels vir Mei 2018								KBJ		
Dok. Nr.	Dag	Naam van begunstigde	Fol	Bank	Krediteure-kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
								Bedrag	Fol	Besonderhede

Krediteurejoernaal van Brooks Winkels vir Mei 2018							KJ		
Dok. Nr.	Dag	Naam van krediteur	Fol	Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
							Bedrag	Fol.	Besonderhede

Krediteure-afslagjoernaal van Brooks Winkels vir Mei 2018							KAJ		
Dok. Nr.	Dag	Naam van krediteur	Fol	Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
							Bedrag	Fol.	Besonderhede

Kleinkasjoernaal van Brooks Winkels vir Mei 2018							KKJ		
Dok. Nr.	Dag	Besonderhede	Fol	Kleinkas	Handelsvoorraad	Skryfbehoeftes	Diverse rekeninge		
							Bedrag	Fol.	Besonderhede

Debiteurejoernaal van Brooks Winkels vir Mei 2018					DJ
Dok. nr	Dag	Naam van debiteur	Fol.	Verkope	Koste van verkope

Debiteure-afslagjoernaal van Brooks Winkels vir Mei 2018					DAJ
Dok. nr	Dag	Naam van debiteur	Fol.	Debiteure-afslag	Koste van verkope

Debiteuregrootboek van Brooks Winkels							
				U. Bolt		D1	
Datum		Kode	Dokumentnr.	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo

				J. Gatlin		D2	
Datum		Kode	Dokumentnr.	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo

Debiteurelys op 31 Mei 2018	
Saldo van Debiteurekonrolerekening	

Krediteuregrootboek van Brooks Winkels							
Bubba Handelaars						K1	
Datum		Kode	Dokumentnr.	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo

Rory Winkels						K2	
Datum		Kode	Dokumentnr.	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo

Krediteurelys op 31 Mei 2018	
Saldo van Krediteurekontrolerekening	

HULPJOERNALE EN OORBOEKING

Vraag 2 (Hulpgrootboeke en kontrolerekeninge; 40 punte, 20 minute)

Jy word voorsien van transaksies wat betrekking het op Corner Handelaars vir April 2018.

GEVRA:

2.1 Verduidelik waarom die totaal van die Debiteurelys dieselfde moet wees as die saldo van die Debiteurekontrolerekening. (4)

2.2 Verduidelik waarom die totaal van die Krediteurelys dieselfde moet wees as die saldo van die Krediteurekontrolerekening. (4)

2.3 Gebruik die gegewe inligting uit die Debiteure- en Krediteuregrootboek om die Debiteure- en Krediteurekontrolerekeninge vir April volledig op te stel. (32)

INLIGTING:

1. Die volgende rekeninge het in die onderskeie hulpgrootboeke van Corner Handelaars aan die einde van April 2018 verskyn:

Debiteuregrootboek van Corner Handelaars							
			S. Viljoen			D1	
Datum		Kode	Dokumentnommer	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2018 April	1		Rekening gelewer	a/b			1 200
	5	01	DKVF 23	DJ	2 700		3 900
	12	02	DKW 19	KOJ		3 000	900
	24	01	DKVF 26	DJ	4 100		5 000
		04	KKB 56	KKJ	300		5 300
	26	05	DK/N 68	DAJ		1 300	4 000
	29	02	DKW 24	KOJ		2 500	1 500
	30	01	DKVF 28	DJ	1 400		2 900

			K. Simenya			D2	
Datum		Kode	Dokumentnommer	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2018 April	1		Rekening gelewer	a/b			5 400
	3	02	DKW 12	KOJ		4 300	1 100
	11	04	KKB 48	KKJ	460		1 560
	16	01	DKVF 25	DJ	1 460		3 020
	19	05	DK/N 67	DAJ		900	2 120
	24	01	DKVF 27	DJ	4 900		7 020
	30	05	DK/N 70	DAJ		1 200	5 820

			W. van Niekerk			D3	
Datum		Kode	Dokumentnommer	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2018 April	1		Rekening gelewer	a/b			28 000
	4	01	DKVF 22	DJ	12 300		40 300
	14	01	DKVF 24	DJ	17 700		58 000
	18	05	DK/N 66	DAJ		6 500	51 500
	22	02	DKW 24	KOJ		45 000	6 500
	28	01	DKVF 28	DJ	12 100		18 600
		04	KKB 60	KKJ	600		19 200

Krediteuregrootboek van Corner Handelaars							
Wade Handelaars						K1	
Datum		Kode	Dokumentnommer	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2018 April	1		Rekening gelewer	a/b			19 500
	5	01	KAF 24	KJ		24 000	43 500
	11	02	TT 34	KBJ	36 200		7 300
	15	04	KKB 50	KKJ	430		6 870
	17	05	DD/N 16	KAJ	2 300		4 570
	24	01	KAF 27	KJ		12 430	17 000
	29	02	TT 51	KBJ	12 000		5 000

Sunette Winkels						K2	
Datum		Kode	Dokumentnommer	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2018 April	1		Rekening gelewer	a/b			33 200
	5	02	TT 30	KBJ	33 200		-
	12	01	KAF 25	KJ		16 900	16 900
	16	05	DD/N 15	KAJ	2 300		14 600
	21	02	TT 41	KBJ	4 600		10 000
	24	04	KKB 54	KKJ	600		9 400
	27	01	KAF 29	KJ		18 600	28 000
	31	05	DD/N 18	KAJ	4 000		24 000

Caster Groothandelaars						K3	
Datum		Kode	Dokumentnommer	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2018 April	1		Rekening gelewer	a/b			21 700
	3	02	TT 28	KBJ	8 700		13 000
	14	01	KAF 26	KJ		14 200	27 200
	21	05	DD/N 16	KAJ	1 600		25 600
	24	06	*DKW 27	KOJ		5 000	30 600
	25	02	TT 43	KBJ	12 600		18 000
	26	01	KAF 28	KJ		14 000	32 000
	28	05	DD/N 17	KAJ	3 100		28 900
	30	02	TT 53	KBJ	12 900		16 000

2.1 Verduidelik waarom die totaal van die Debiteurelys dieselfde moet wees as die saldo van die Debiteurekontrole.

2.2 Verduidelik waarom die totaal van die Krediteurelys dieselfde moet wees as die saldo van die Krediteurekontrole.

2.3 Gebruik die gegewe inligting uit die Debiteure- en Krediteuregrootboek om die Kontrolerekeninge vir April volledig op te stel.

Algemene Grootboek van Corner Handelaars

Balansstaatrekeninge-afdeling

Debiteurekontrole B10

Krediteurekontrole B15

HULPJOERNALE EN OORBOEKING

Vraag 3 (Oorboeking van hulpjoernale; 110 punte, 55 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Centurion Winkels.

GEVRA:

3.1 Open die rekeninge op die antwoordblad met die gegewe saldo's of totale op 1 Maart 2018. (10)

3.2 Boek die gegewe kolomtotale op 31 Maart 2018 uit die hulpjoernale oor na die geopende rekeninge. (23)

3.3 Sluit die rekeninge in die Algemene grootboek op die korrekte wyse af, op 31 Maart 2018. (12)

INLIGTING:

1. Op 1 Maart 2018 verskyn die volgende saldo's en totale onder andere in die Algemene grootboek:

Toerusting	240 000
Handelsvoorraad	350 000
Debiteurekontrole	152 400
Bank	16 000 (kt)
Krediteurekontrole	78 900
Verkope	480 000
Koste van verkope	360 000
Debiteure-afslag	30 000
Huurinkomste	43 500
Skryfbehoeftes	28 000
Lone	36 000
Verpakkingsmateriaal	18 600

2. Op 31 Maart 2018 het die volgende kolomtotale in die hulpjoernale voorgekom:

Kontantontvangstejoernaal (KOJ)	
Bank	880 000
Verkope	531 250
Koste van verkope	?
Debiteurekontrole	?
Huurinkomste	14 500
Diverse rekeninge	230 250

Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)	
Bank	664 000
Krediteurekontrole	89 700
Handelsvoorraad	175 300
Skryfbehoeftes	13 400
Lone	12 000
Toerusting	?
Verpakkingsmateriaal	15 000
Diverse rekeninge	143 600

Kleinkasjoernaal (KKJ)	
Kleinkas	3 350
Debiteurekontrole	400
Krediteurekontrole	500
Handelsvoorraad	?
Skryfbehoeftes	350
Lone	120
Toerusting	240
Verpakkingsmateriaal	310
Diverse rekeninge	780

Krediteurejoernaal (KJ)	
Krediteurekontrole	155 300
Handelsvoorraad	56 000
Skryfbehoeftes	?
Toerusting	40 000
Verpakkingsmateriaal	12 900
Diverse rekeninge	28 000

Krediteureafslagjoernaal (KAJ)	
Krediteurekontrole	23 200
Handelsvoorraad	7 100
Skryfbehoeftes	2 900
Toerusting	1 500
Verpakkingsmateriaal	?
Diverse rekeninge	9 700

Debiteurejoernaal (DJ)	
Verkope	?
Koste van verkope	85 000

Debiteureafslagjoernaal (DAJ)	
Debiteureafslag	11 875
Koste van verkope	9 500

Algemene Grootboek van Centurion Winkels									
Balansstaatrekeninge-afdeling									
Toerusting								B3	

Handelsvoorraad								B6	

Debiteurekontrole								B7	

Bank									B8

Krediteurekontrole									B12

Nominale rekeninge - afdeling									
Verkope									N1

Koste van verkope									N2

Debiteureafslag									N3

Huurinkomste									N4

Skryfbehoeftes									N5

Lone									N6

Verpakkingsmateriaal									N7

HULPJOERNALE EN OORBOEKING

Vraag 4 (Oorboeking van kolomtotale van hulpjoernale; 110 punte, 55 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Grand Bazaars.

GEVRA:

4.1 Open die rekeninge op die antwoordblad met die gegewe saldo's of totale op 1 Julie 2018. (10)

4.2 Boek die gegewe kolomtotale op 31 Julie 2018 uit die hulpjoernalel oor na die geopende rekeninge. (23)

4.3 Saldeer die rekeninge in die Algemene grootboek op die korrekte wyse op 31 Julie 2018. (12)

INLIGTING:

1. Op 1 Julie 2018 verskyn die volgende saldo's en totale onder andere in die Algemene grootboek:

Toerusting	580 000
Handelsvoorraad	260 000
Debiteurekontrole	143 000
Bank	110 000
Krediteurekontrole	121 000
Verkope	897 000
Koste van verkope	?
Debiteureafslag	56 000
Huurinkomste	178 000
Skryfbehoeftes	98 000
Lone	84 500
Verpakkingsmateriaal	42 800

2. Op 31 Julie 2018 het die volgende kolomtotale in die hulpjoernale voorgekom:

Kontantontvangstejoernaal (KOJ)	
Bank	501 300
Verkope	246 400
Koste van verkope	154 000
Debiteurekontrole	?
Huurinkomste	18 000
Diverse rekeninge	98 700

Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)	
Bank	527 200
Krediteurekontrole	128 000
Handelsvoorraad	85 200
Skryfbehoeftes	29 000
Lone	12 800
Toerusting	?
Verpakkingsmateriaal	13 000
Diverse rekeninge	194 200

Kleinkasjoernaal (KKJ)	
Kleinkas	4 800
Debiteurekontrole	950
Krediteurekontrole	760
Handelsvoorraad	?
Skryfbehoeftes	480
Lone	330
Toerusting	800
Verpakkingsmateriaal	210
Diverse rekeninge	520

Krediteurejoernaal (KJ)	
Krediteurekontrole	157 000
Handelsvoorraad	82 600
Skryfbehoeftes	?
Toerusting	34 100
Verpakkingsmateriaal	16 300
Diverse rekeninge	19 900

Krediteureafslagjoernaal (KAJ)	
Krediteurekontrole	25 060
Handelsvoorraad	13 700
Skryfbehoeftes	1 950
Toerusting	4 230
Verpakkingsmateriaal	?
Diverse rekeninge	3 580

Debiteurejoernaal (DJ)	
Verkope	?
Koste van verkope	212 000

Debiteureafslagjoernaal (DAJ)	
Debiteureafslag	39 840
Koste van verkope	24 900

Algemene Grootboek van Grand Bazaars									
Balansstaatrekeninge-afdeling									
Toerusting								B3	

Handelsvoorraad								B6	

Debiteurekontrole								B7	

Bank									B8

Krediteurekontrole									B12

Nominale rekeninge - afdeling									
Verkope									N1

Koste van verkope									N2

Debiteureafslag									N3

Huurinkomste									N4

Skryfbehoeftes									N5

Lone									N6

Verpakkingsmateriaal									N7

HULPJOERNALE EN OORBOEKING

Vraag 5 (Oorboeking van hulpjoernale; 260 punte, 130 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Tshwane Winkels vir die drie maande tydperk 1 Maart 2018 tot 31 Mei 2018.

GEVRA:

5.1 Open die gegewe rekeninge in die Algemene grootboek met die saldo's op 1 Maart 2018. (11)
5.2 Boek die kolomtotale op 31 Maart 2018 uit die hulpjoernale oor na die geopende rekeninge. (70)
5.3 Saldeer die rekeninge in die Algemene grootboek op die korrekte wyse op 31 Maart 2018. (13)
5.4 Boek die kolomtotale op 30 April 2018 uit die hulpjoernale oor na die geopende rekeninge. (70)
5.3 Saldeer die rekeninge in die Algemene grootboek op die korrekte wyse op 30 April 2018. (13)
5.2 Boek die kolomtotale op 31 Mei 2018 uit die hulpjoernale oor na die geopende rekeninge. (70)
5.3 Saldeer die rekeninge in die Algemene grootboek op die korrekte wyse op 31 Mei 2018. (13)

INLIGTING:

1. Op **1 Maart 2018** verskyn die volgende saldo's en totale onder andere in die Algemene grootboek:

Handelsvoorraad	320 000
Debiteurekontrole	68 000
Bank	110 000
Krediteurekontrole	49 000
Verkope	883 000
Koste van verkope	?
Debiteureafslag	42 000
Huurinkomste	178 000
Lone	164 000
Skryfbehoeftes	98 000

2. Die volgende kolomtotale het onderskeidelik op **31 Maart 2018, 30 April 2018 en 31 Mei 2018** in die hulpjoernale voorgekom:

Kontantontvangstejoernaal (KOJ)	**31 Maart 2018**	**30 April 2018**	**31 Mei 2018**
Bank	312 000	379 500	433 400
Debiteurekontrole	72 000	67 500	88 400
Verkope	174 000	?	?
Koste van verkope	120 000	189 000	?
Huurinkomste	?	?	19 600
Diverse rekeninge	15 500	20 750	112 250

Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)	**31 Maart 2018**	**30 April 2018**	**31 Mei 2018**
Bank	372 000	?	331 500
Krediteurekontrole	46 000	39 200	63 500
Handelsvoorraad	?	176 000	134 000
Lone	48 700	52 600	45 900
Skryfbehoeftes	34 200	48 300	?
Diverse rekeninge	119 100	111 100	46 200

Kleinkasjoernaal (KKJ)	**31 Maart 2018**	**30 April 2018**	**31 Mei 2018**
Kleinkas	4 700	4 900	4 500
Debiteurekontrole	730	?	500
Krediteurekontrole	520	600	?
Handelsvoorraad	?	950	880
Skryfbehoeftes	990	880	710
Lone	340	300	410
Toerusting	700	620	910
Verpakkingsmateriaal	400	330	370
Diverse rekeninge	220	420	420

Krediteurejoernaal (KJ)	**31 Maart 2018**	**30 April 2018**	**31 Mei 2018**
Krediteurekontrole	62 000	47 900	?
Handelsvoorraad	39 500	?	41 000
Skryfbehoeftes	?	5 300	4 200
Toerusting	4 100	2 800	6 300
Verpakkingsmateriaal	2 300	3 100	4 200
Diverse rekeninge	14 900	14 100	16 300

Krediteureafslagjoernaal (KAJ)	**31 Maart 2018**	**30 April 2018**	**31 Mei 2018**
Krediteurekontrole	6 800	?	8 200
Handelsvoorraad	2 100	4 100	3 400
Skryfbehoeftes	340	1 100	800
Toerusting	980	940	?
Verpakkingsmateriaal	?	560	960
Diverse rekeninge	2 730	2 300	1 640

Debiteurejoernaal (DJ)	**31 Maart 2018**	**30 April 2018**	**31 Mei 2018**
Verkope	?	69 600	72 500
Koste van verkope	56 000	?	50 000

Debiteureafslagjoernaal (DAJ)	**31 Maart 2018**	**30 April 2018**	**31 Mei 2018**
Debiteureafslag	6 670	5 510	4 785
Koste van verkope	4 600	3 800	3 300

Algemene Grootboek van Tshwane Winkels									
Balansstaatrekeninge-afdeling									
Handelsvoorraad							B5		

Debiteurekontrole									B6

Bank									B8

Krediteurekontrole									B12

Nominale rekeninge - afdeling									
Verkope								N1	

Koste van verkope								N2	

Debiteureafslag									N3

Huurinkomste									N4

Lone									N6

Skryfbehoeftes									N7